# WAARDES AS NORME EN AS META-NORME/BEGINSELS

P.J. VAN NIEKERK

Departement Staatsleer, PU vir CHO

## ABSTRACT

The fruitfulness and the necessity of the distinction between values and norms and as principles are investigated by way of the theory of political development, the legal philosophical issue surrounding natural law and positivism and the views of Habermas. In political developmental theory questions centring on value gained legitimate relevancy under the influence of the post-behaviorist approach. The quest for cultural universalia or values as principles became important in this sphere because it seems to be the only way to escape from the syndrome of modernity. Through the rejection of the oppositions and one-sidedness of legal positivism and natural law and with the aid of the distinction between values, norms and principles the productive contribution of this spurious dilemma is highlighted and a clearer delineation is given of the concepts legal development and structural violence. In conclusion Habermas's distinction between norms and meta-norms is investigated critically and immanent contradictions in his views are pointed out. The central place which this issue has in his thought can be seen as a confirmation of the importance of this distinction. It is relevant for all the normative disciplines which - in contrast to the natural sciences - focus on the role of linguistic, social, ethical, legal and artistic norms valid for human societies.

## 1. INLEIDING

Die vraag na waardes (wat hier as sinoniem vir norme gebruik word) is 'n grondliggende vraag vir alle wetenskappe wat ondersoek instel na handelinge van mense asook na die verskillende samelewingsvorme. Sonder insig in die waardes of norme wat in 'n bepaalde samelewing gelding verkry het (en waarvan die legitimiteit aanvaar of betwyfel kan word) is dit onmoontlik om menslike handelinge en samelewingsvorme werklik te verstaan. Sonder hierdie insig sou die verwagtinge ten opsigte

van handelinge van ander persone en groepe in die samelewing in groot onsekerheid uitmond. Die omvang hiervan word egter binne perke gehou deur die aanname dat binne die raamwerk van norme en normsisteme opgetree word. (Kriminele optrede, patologiese afwykings, revolusionêre dade, ensovoorts, kan slegs as sodanig beskou word, aangesien geldende norme oortree of daarvan op nie-toelaatbare wyse afgewyk word). Behrmann (1975) meen dat genoemde aanname net so vanselfsprekend gemaak word as wat ons uitgaan van die onderskeiding tussen die verskillende handelingsisteme waarbinne menslike handelinge plaasvind. Binne gesinsverband tree ons anders op as in die skool, in 'n restaurant anders as op 'n rugbyveld, as ouers teenoor ons eie kinders anders as grootouers teenoor kleinkinders en by 'n feesteike geleentheid anders as by 'n begrafnis. Ons handel dus verskillend in verskillende sosiale kontekste en situasies of gee ten minste aan dieselfde handeling 'n ander betekenis. Vir Behrman (1975) getuig die ryk skat van grappe en karikature, wat juis uit die verwisseling van situasies en sosiale kontekste voortspruit, hiervan.

Die bostaande gebruik van die term **waarde** in die sin van 'n geldende norm kan onderskei word van waardes as beginsels/metanorme waaraan sodanige norme getoets kan word.

In hierdie artikel word eerstens gekyk na die politieke ontwikkelingsteorieë van die afgelope aantal dekades waarin daar 'n duidelike aksentverskuiwing gekom het wat die belangrikheid van waardes (veral in die tweede gebruik van die term wat hierbo aangedui is) in 'n toenemende mate beklemtoon. In die tweede afdeling word gekyk na die kernverskille van die teoretiese stryd wat reeds sedert die konflik tussen die regspositivisme van die Sofiste en die natuurregsleer van Plato en Aristoteles van groot belang vir die regs- en politieke filosofie is. 'n Verfyning van die onderskeiding tussen waardes as norme en waardes as meta-norme/beginsels word hiermee beoog. In die laaste afdeling word Habermas se siening van hierdie onderskeiding krities geëvalueer.

## 2. DIE RELEVANSIE VAN WAARDES IN DIE POLITIEKE ONTWIKKELINGSTEORIE

Die groot verskeidenheid ontwikkelingsteorieë en -modelle wat Varma (1980) bespreek, maak duidelik dat politieke ontwikkelingsteorieë naas en dikwels in vervlegting met sosiologiese, ekonomiese en volkekundige teorieë 'n eie plek moes ontworstel. Die oorsigte wat Fick (1979), Olivier (1981), Higgott (1983) en Migdal (1983) van die ontwikkeling van die politieke ontwikkelingsteorieë sedert die begin van die sestigerjare gee, toon dat daar breedweg van twee fases sprake is. Die sestigerjare word gekenmerk deur opvattings oor politieke ontwikkeling wat etnosentristies die ontwikkelingspatrone en -prosesse van Westerse samelewings projekteer as die goue roete(s) wat nie-Westerse samelewings sal moet volg. In teenstelling hiermee word die sewentiger- en tagtigerjare gekenmerk deur 'n bevraagtekening van die tipiese Westerse moderniserings- en vooruitgangsindroom wat vir die benaderings in die sestigerjare vader gestaan het.

Die redes vir en verklarings van hierdie verskuiwings wat in die politieke ontwikkelingsteorieë plaasgevind het, belig verskillende fasette van hierdie ontwikkelingsproses. Fick (1979) wat in hooftrekke deur Olivier (1981) gevolg word, sien die verskil in hierdie twee fases van die politieke ontwikkelingsteorie veral teen die agtergrond van die paradigmaverskuiwing wat plaasgevind het van 'n oorwegend etnosentriese positivisties-behavioralistiese na 'n postbehavioralistiese benadering waarbinne waardevrae 'n legitieme relevansie verkry het. Ook Higgott (1983) onderskei 'n verskuiwing van die sestiger- na die sewentigerjare in die politieke ontwikkelingsterme wat gepaard gaan met groeiende kritiek op die modernisasiesindroom en die ontstaan van die Latyns-Amerikaanse "dependencia"-teorieë. Die ideologiese offensief van die "dependencia"-teorieë teen die moderniseringsteorieë het die normatiewe aannames van hierdie teorieë (met hul waardevrye pretensie) oopgedek, terwyl kritiek van linkse en regse teoretici die "dependencia"-teorieë se normatiewe aannames blootgelê het. Higgott bevestig hiermee die legitimiteit van normatiewe aannames in die politieke ontwikkelingsteorie. Volgens Migdal (1983) kom die waterskeiding wat die twee fases van die politieke ontwikkelingsteorie betref, met die skerp kritiek wat aan die einde van die sestiger- en die begin van die sewentigerjare onder meer deur die

"dependencia"-teorieë op die vooronderstellings van die moderniseringsteorieë gelewer is.

Byna vyftien jaar nadat Pye (1965a) orde probeer stel het in die verwarring wat geheers het oor die begrip **politieke ontwikkeling**, poog hy (Pye, 1979) om die redes te gee vir die daling in belangstelling vir die begrip sedert die einde van die sestigerjare. Een van die belangrikste redes vir die belangstelling in en misnoeë met politieke ontwikkelingsteorieë is vir Pye daarin geleë dat hierdie teorieë "have become the innocent victims of a profound cyclical change in intellectual fashions" wat gepaard gegaan het met "the swing from emphasizing essentials to detailing all the complexities" (1979:34-35). Pye toon dus weinig insig daarin dat seker die belangrikste rede vir die verskuiwing van die politieke ontwikkelingsdenke die bevraagtekening was van die normatiewe aannames wat aan die positivistiese en behavioralistiese moderniseringsteorieë van die sestigerjare inherent was.

Juis omdat die begrip **ontwikkeling** volgens Kotzé (1982) net soos modernisering aan waardelading onderhewig is, aangesien dit onmoontlik is om waardevry te werk te gaan, reken hy dat vir "wetenskaplike studiedoeleindes formulering van 'n teorie van politieke ontwikkeling dus onmoontlik" (1982:38) is. Hy aanvaar kulturele relatiwiteit as kenmerkend vir die meer resente ontwikkelingsteorieë, want die beoordeling van politieke ontwikkeling asook die strewe na ontwikkeldheid berus volgens hom op die subjektiewe oordele en waardes van die betrokke wetenskaplike individu of samelewing. Hy gee tog 'n algemene definisie van ontwikkeling, naamlik dat "a just society is a developed society" (Kotzé, 1978:31) waarin die gelyke behandeling van alle persone in die lig van bepaalde beginsels (byvoorbeeld die erkenning van bydrae en verdienste en die verbetering van geleenthede) gekwalifiseer moet word. Vir Kotzé gaan dit dus nie om materiële kriteria nie, aangesien 'n samelewing met 'n hoë per capita-inkomste, stabiliteit en 'n sterk burokrasie nie noodwendig beantwoord aan 'n toestand van volle ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande sosiale geregtigheid nie, omdat diskriminerende praktyke voortgesit word en minderheidsregte, geleenthede en askriptiewe voorregte nie toegestaan word nie. Sosiale geregtigheid hang dus volgens Kotzé nie af van 'n universeel gespesifiseerde vlak van die per capita-inkome nie, aangesien kulturele eiesoortigheid verskillende

vlakke van per capita-inkome as 'n persoonlike norm vir die goeie lewe sal vereis. Ook Fick (1979) wys daarop dat daar ten spyte van 'n afwysing van etnosentrisme en die aanvaarding van kulturele relatiwiteit tog sprake is van universele waardes of kulturele universalia ten opsigte van ontwikkeling. In die verband sluit hy eerstens aan by Goulet (1977) wat onderskei tussen kulturele universalia (soos lewensonderhoud, selfrespek en vryheid waarna alle individue en samelewings streef) en kulturele absoluuthede (wat binne 'n bepaalde samelewing bestaan), en tweedens by Braibanti (1976) wat, hoewel hy die bestaan van universele menslike waardes erken, twee belangrike beperkinge ten opsigte van die universele afdwinging en toepassing daarvan laat geld, naamlik dat eerstens die omskrywing of kulturele manifestasies van hierdie universele waardes in onderskeie stelsels verskil, en tweedens dat die spesifieke inhoud van hierdie waardes en hul opeenvolging in die prioriteitsorde mag verskil. Vir Fick beteken hierdie opvattings van Goulet en Braibanti dat wat die ontwikkelingsteorie aanbetref, dit moontlik is om etnosentrisme te vermy sonder om in totale relativisme te verval.

Die sentrale vraag in dié verband is egter die vraag na die oorsprong en opsporing van hierdie kulturele universialia, waardes of beginsels. Sigmund (1971) kom na aanleiding van sy ondersoek van natuurregteorieë in die politieke filosofie tot die gevolgtrekking dat die bevestiging van universele beginsels vir sosiale en politiek organisasie wat op die menslike natuur gebaseer word, nie in 'n moderne variasie van die natuuregteorie gevind kan word nie. In plaas daarvan stel hy 'n konsepsie van universele behoeftes en (ontwikkelings-) moontlikhede wat morele legitimiteit moet verleen aan bepaalde aspekte van die sosiale, politieke en ekonomiese instellings en waarmee hulle geëvalueer moet word. Die basiese behoeftes omskryf hy as voortbestaan en veiligheid, terwyl hy gelykheid, vryheid, affeksie en gemeenskaplikheid as moontlikhede insluit. Die gebruik van hierdie doelwitte as maatstawwe laat volgens Sigmund iets behoue bly van die pogings van die natuurregsteorie om universele en objektiewe norme - wat in verhouding tot die menslike natuur staan - te ontwikkel. Hoewel met Sigmund saamgestem kan word dat 'n herlewing van die natuurreg nie die oplossing bied vir hierdie problematiek nie, bly die oorsprong en opsporing van hierdie beginsels, asook die toetsing van die geldende norme in 'n samelewing aan hierdie beginsels 'n probleem wat hy nie beantwoord nie.

Almond en Powell (1978) omseil hierdie probleem deur aan te sluit by die formulerings van Sigmund (1971), Lasswell (1948, 1960), Pennock (1966)en Maslow (1938) deur na vore te kom met die grootste gemene deler wat uit hulle werke te distilleer is, naamlik sekuriteit, welvaart en vryheid. Almond en Powelll huldig nie slegs 'n suiwer beskrywende standpunt nie maar gee ook 'n evaluatiewe analise van die oorgang van tradisionele na moderne samelewings. Hulle kom egter tot die gevolgtrekking dat "political science does not yet really know how to do that" (1978:422). Ook wat die beoordeling van tradisionele samelewings aanbetref, word die toepassing van universele waardes deur Almond en Powell self bevraagteken. Hiermee toon hulle eerstens dat hulle nog nie aan die moderniteitsindroom ontsnap het nie, en tweedens dat sekuriteit, welvaart en vryheid nie as universele beginsels beskou kan word nie, aangesien dit as evaluatiewe maatstawwe slegs op moderne samelewings toegepas kan word.

Ten slotte kan hier gewys word op die ontwikkelingsteorieë wat in Wes-Duitsland sedert die helfte van die sewentigerjare opgang gemaak het en waarvan in die literatuur uit die Engelssprekende akademiese wêreld wat hierbo bespreek is, geensings kennis geneem is nie. Holzer (1978) gee 'n goeie oorsig van hierdie teorieë wat veral in die sosiologie in Wes-Duitsland vanuit gedrags- en handelingsteoretiese asook sisteem- en krities- teoretiese gesigspunte poog om hul onderskeie geskiedenis- en ontwikkelingsbegrippe as die mees verantwoorde daar te stel. Veral die rekonstruksie van die historiese materialisme wat Habermas (1976) probeer doen, is hier van belang, aangesien die onderskeid tussen norme en meta-norme (beginsels) en die begronding van eersgenoemde aan die hand van laasgenoemde 'n belangrike plek in sy sosiale evolusieteorie inneem. Ook die bydrae van Eder (1976), wat die ontstaan van samelewings - waarin die staat 'n sentrale rol speel - as sosiale evolusie sien, is hier van belang.

## 3. REGSPOSITIVISME OF NATUURREG - DIE PRODUKTIEWE BYDRAE VAN 'n VALSE DILEMMA

Aangesien die onderskeiding tussen waardes as norme en waardes as beginsels/metanorme op treffende wyse aan hierdie dilemma ten grondslag lê, word gepoog om deur 'n kritiese afwysing van die eensydighede aan

beide verbonde hulle respektiewelike bydraes ten opsigte van hierdie onderskeiding te waardeer. Die belang van die genoemde konflik word *treffend soos volg opgesom:*

"Der streit zwischen Positivismus und Natuurrechtslehre drängt sich all denen, denen die Menschlichkeit am Herzen liegt, als eine existentielle Frage auf. Es kann keine bleibende Menschlichkeit ohne positives Recht geben, aber das positive Recht wiederum kann auch die Inkarnation der Unmenschlichkeit sein. Das positive Recht muss also einen tragenden Grund und eine kritische Norm haben. Dies haben die Naturrechtslehren erkannt" (Luijpen, 1973:34).

Oor die betekenis van die terme **natuurreg** en **regspositivisme** bestaan daar onder regsfilosowe geen eenstemmigheid nie. Vervolgens word veral aangesluit by die opvatting van Hommes (1961, 1968, 1969, 1972a, 1972b), Van der Vyver (1975), Van Zyl en Van der Vyver (1982) en Van der Westhuizen (1981). Hierdie skrywers gee 'n aantal kenmerke wat hulle as tipies beskou vir die tradisionele natuurreg wat in die westerse regsfilosofie met die Grieke begin en strek tot die einde van die agtiende eeu. Die belangrikste kenmerk van die tradisionele natuurreg is die opvatting dat dit werklike **geldende reg** is naas en bo die positiewe reg. Onafhanklik van menslike vormgewing of positivering deur 'n regsvormende orgaan geld dit van nature of vanself soos wat dit met natuurwette die geval is. Regsbeginsels het dus 'n juridiese gelding per se en fungeer nie net as krities-normatiewe maatstaf vir die positiewe reg nie maar ook as **konkurrerende regsorde**.

In sy immanente kritiek op die tradisionele natuurregtradisie lig Hommes (1968) 'n logiese teenspraak uit wat daarop neerkom dat die natuurreg enersyds as regulatiewe maatstaf die moontlikheid veronderstel van geldende positiewe reg wat van die natuurreg afwyk en andersyds as konstitutiewe grondslag die onmoontlikheid veronderstel van geldende positiewe reg wat van die natuurreg afwyk. Natuurreg en positiewe reg sluit mekaar logies uit wanneer beide (met dieselfde of 'n teenstrydige inhoud) gelyktydig binne dieselfde regsgebied fungeer. Dit is immers logies onmoontlik dat ten opsigte van 'n bepaalde regshandeling 'n natuurregbeginsel geld, terwyl ten opsigte van dieselfde handeling 'n positiewe regsnorm wat lynreg in stryd daarmee is deur byvoorbeeld die

staat gepositiveer word. Watter een van die twee regsreëls het gelding? Ook wanneer die positiewe reg nie in stryd met die natuurreg is nie, bly die logiese teenspraak bestaan want in die een geval geld die regsreël per se (soos 'n natuurwet) en in die ander geval kan dit slegs geld indien 'n beoogde persoon of instansie dit as regsreël stel of positiveer. As 'n regsreël reeds as deel van die natuurreg geld, is dit onsinnig dat 'n beoogde persoon of instansie dit moet positiveer sodat dit kan geld.

In die lig van die meersinnigheid van die term regspositivisme word soos in die geval van die natuurregsleer die belangrikste kenmerk daarvan uitgelig. Volgens Raz word 'n fundamentele element daarvan reeds deur die naam gesuggereer ".... positivism ... indicates that the law is posited, is made law by the activities of human beings" (Raz, 1979:38). Dit is juis hierdie positiveringsmoment wat deur die regspositivisme verabsoluteer word sodat die reg tot die positief-geldende regsnorme gereduseer word. Hierdie opvatting beteken volgens Van Zyl en Van der Vyver (1982) dat die positiewe reg (wat deur 'n kompetente regsvormende orgaan gepromulgeer is) die enigste juridiese werklikheid is. Dus kan alleenlik die geldende regsnorme deur die regswetenskap en regsfilosofie as voorwerp ondersoek word sodat begrippe soos regbeginsel, natuurreg en menseregte nie iets verteenwoordig wat werklik bestaan nie. Die regswetenskap moet dit uit sy woordeskat ban, aangesien dit alleen maar die produkte van arbitrêre spekulasie is. Volgens Glastra van Loon (1959) is die reg wat in 'n samelewing geld vanuit regspositivistiese sig in laaste instansie niks anders as 'n kwessie van mag nie: die mag van die gewoonte of die mag van die sterkste. Dugard (1971), Hommes (1961) en Glastra van Loon (1959) wys op die invloed van die regspositivisme in die Derde Ryk waartydens die Duitse wetgewing, administrasie en regspraak in baie opsigte deur willekeur gekenmerk was. Volgens Hommes word hierdie willekeur onder andere toegeskryf aan die positivisme in die regswetenskap, wat weens die fundering van die reg in die staatswil sonder binding aan bo-willekeurige regsbeginsels geen weerstand hierteen kon bied nie en magteloos moes toesien hoe die staat "de tradisionele humanitaire waarden van de westerse kultuur met voeten trad" (1961:86). Dugard wys op die invloed van die positivistiese skending van positiewe regsreëls en regswaardes op die Suid-Afrikaanse regspraak, en verwys na navorsing wat aangetoon het dat selfs die hooggeroemde Engelse regters "have often been guilty of

concealing their inarticulate premisses from public gaze behind the fig leaf of positivism" (1971:189). Die probleem met die regspositivisme is dus nie dat dit tot waardegeoriënteerde resultate lei nie, maar dat waardes op 'n bedekte wyse daarin fungeer. Die sentrale dilemma van die regspositivisme is daarin geleë dat die verabsolutering van waardes as positief-geldende regsnorme die relevansie van waardes as regsbeginsels in die reg en regswetenskappe uitskakel om tog weer laasgenoemde deur die agterdeur te laat insluip.

Vanuit die afwysing van die eensydighede van regspositivisme en natuurreg word vervolgens gepoog om met behulp van die onderskeiding tussen waardes as norme en waardes as beginsels die produktiewe bydrae van hierdie valse dilemma te verwerk. Die eensydighede verbonde aan hierdie valse dilemma kan vermy word deur die waarheidsmomente wat in beide aanwesig is te integreer in 'n beskouing wat van beide rekenskap gee. Die waarheidsmoment van die regspositivisme is daarin geleë dat slegs regsnorme wat deur menslike vormgewing gepositiveer is in 'n bepaalde samelewing kan geld. Die bydrae van die natuurreg is geleë in die regulatiewe normatief-kritiese funksie wat regsbeginsels ten opsigte van die positief-geldende regsnorme moet vervul. Die uitstaande kenmerke van waardes as norme is dat dit in 'n spesifieke samelewing binne 'n bepaalde kultuurhistoriese konteks op basis van menslike vormgewing geld en feitelike menslike handelinge kan dus óf normkonform óf normstrydig wees. Waardes as beginsels het geen gelding per se nie maar kan slegs in 'n bepaalde samelewing geld indien dit gepositiveer word tot geldende norme. Die belangrikste kenmerk van waardes as beginsels is dat van hulle 'n appél uitgaan ten opsigte van die positivering van norme. Norme kan dus beginselskonform of beginselstrydig wees. Met hierdie onderskeidende gebruik van die terme "konform" en "strydig" ten opsigte van beginsels en norme kan die argument van Strauss (1978) ontsenu word, naamlik dat die beperkinge van taalgebruik dit moeilik maak om konsekwent tussen die twee te onderskei, aangesien dit beter klink om te sê dat 'n positivering wat in stryd is met die grondleggende beginsel antinormatief is as om te sê dat dit antibeginsel of antiprinsipeel is.

Die bestaan van natuurwette (wat per se geld) en regsnorme (wat geld omdat dit gepositiveer is) kan ten spyte van verskille (in die manier

waarop beide geld asook in die interpretasies wat vanuit voorteoretiese en teoretiese raamwerke en "paradigmas" daaraan gegee word) moeilik ontken word. As die gelding van die wet van swaartekrag nie in ag geneem word nie, kan dit noodlottige gevolge hê. Binne 'n regsorde waar doodstraf in die positiewe reg aanvaar word, kan 'n moord met voorbedagte rade en sonder versagtende omstandighede ook "noodlottig" vir die dader wees. Die bestaan van regsbeginsels sal egter nie so maklik aanvaar word nie. Aangesien hierdie 'n probleem is wat nie deur suiwere argumentasie opgeklaar sal kan word nie, word aan die hand van 'n voorbeeld die twisappel na die kant van diegene wat die bestaan van sodanige beginsels ontken, teruggekaats in die hoop dat, aangesien ons op dieselfde baan speel en ten spyte van verskillende interpretasies van die reëls, die spel sal kan voortgaan.

Wat maak dit moontlik dat daar in alle regstelsels (selfs die mees onderontwikkelde of die mees brutale) 'n aantal konstitutiewe of funderende momente in die reg aanwesig is waarsonder daar van reg nie sprake sou wees nie? Sou regsvergelykende navorsing tussen sodanige regstelsels moontlik gewees het as daar geen relatief-konstante beginselraamwerke was waaraan die positiewe regsvorming konkrete gestalte moet gee nie? Hommes (1972a, 1975a, 1975b. 1976) is van mening dat daar sprake is van skynreg of non-reg wanneer die positiewe reg in stryd is met konstitutiewe regsbeginsels. Indien regsnorme byvoorbeeld deur 'n normoutoriteit of regsorgaan (persoon of instansie) gepositiveer word wat nie met die gesag beklee is om dit te doen nie (dit wil sê nie die bevoegdheid of kompetensie daartoe het nie) kan geen geldende reg onstaan nie. Dit is ook die geval wanneer daar geen norm-adressate of norm-subjekte - met ander woorde mense wat aan hierdie norme gebonde is - aanwesig is nie.

Indien die Universiteitsraad van die Universiteit van Pretoria of die Stadsraad van Johannesburg 'n reël uitvaardig dat geen weerligstraal grasdakhuise in Pretoria mag tref nie, kom skynreg tot stand. Indien die Stadsraad van Pretoria 'n munisipale verordening uitvaardig dat alle grasdakhuise vanaf 1 Januarie 1987 weerligafleiers moet hê wat aan bepaalde spesifikasies moet voldoen, word 'n regsnorm gepositiveer wat wel gelding sal hê. Uit hierdie voorbeeld blyk voorts dat daar 'n geldingsgebied vir regsnorme is. Om gelding in Pretoria te kan hê, moet

die verordening uitgevaardig, dus geformuleer en bekendgestel word. Voorts sal dit ook geen regskrag hê as die Stadsraad nie die regsvermoë besit om regsgevolge aan regsfeite te verbind nie, byvoorbeeld straf te verbind aan 'n strafbare feit wat op skuldige wyse begaan is nie. Aangesien dit wel vir die betrokke amptenare moontlik is om vas te stel dat daar na 1 Januarie 1985 in Pretoria grasdakhuise is waar nie weerligafleiers aangebring is nie, of dat bestaande weerligafleiers nie aan die spesifikasies voldoen nie, asook vasgestel kan word wie die normsubjekte is wat nie aan die verordening gehoor gegee het nie, kan boetes opgelê word (indien by die formulering en bekendstelling van die verordening hiervoor voorsiening gemaak is). 'n Ander konstitutiewe regsbeginsel wat nie geïgnoreer kan word nie, is dat die verordening nie teenstrydige formulerings mag bevat nie, aangesien dit dan ook geen regskrag sal kan hê nie. Die feit dat hierdie verordening in ooreenstemming met konstitutiewe regsbeginsels gepositiveer is en dus 'n geldende regsnorm daarstel, sê nog niks oor die regverdigheid of onregverdigheid daarvan nie. Hiervan is daar sprake wanneer die positivering strydig of konform met regulatiewe regsbeginsels is. Indien genoemde verordening in stryd sou wees met een van die regulatiewe juridiese maatstawwe, soos menswaardigheid, juridiese billikheid en goeie trou, sal dit wel geldende reg bly, maar sal dit byvoorbeeld vanweë die onbillikheid onregverdige reg wees. Indien die verordening bepaal dat 'n persoon wat nie gehoor daaraan gee nie 'n buitensporige boete of tronkstraf opgelê kan word, kan dit wel afgedwing word maar dit sal onmiskenbaar onbillikheid en dus ongeregtigheid beteken.

Met behulp van hierdie onderskeiding tussen konstitutiewe en regulatiewe regsbeginsels kan aan twee sake 'n duideliker omlyning gegee word, naamlik **regsontwikkeling** (of **-regressie**) en **strukturele geweld**. **Regsontwikkeling** vind plaas wanneer die regulatiewe regsbeginsels in 'n samelewing gepositiveer word en sodoende die konstitutiewe regsbeginsels (wat in alle regsordes aanwesig is) ontsluit word in die rigting van groter geregtigheid. **Strukturele geweld** kan gesien word as die ongeregtigheid wat voortspruit uit onder meer regsregressie asook regstagnasie. Dit beteken dat regulatiewe regsbeginsels wat in die eerste geval reeds gepositiveer is, opgeskort word, en in die tweede geval dat die positivering daarvan weens stagnasie in die regsontwikkeling teruggehou word. Strukturele geweld kan so gesien nie teenoor fisiese geweld gestel

word nie, aangesien die ongeregtigheid wat positiewe regsnorme inhou fisiese geweld tot gevolg kan hê wanneer hulle afgedwing word.

Opsommenderwys kan waardes as norme dus as behorensreëls omskryf word wat vir die gelding daarvan aangewese is op menslike positivering (waardeur aan waardes as beginsels positiewe vorm gegee word) en wat betrokke is op menslike handelinge (en lewensvorme) wat normkonform of normstrydig kan wees, terwyl die norme self beginselstrydig of beginselkonform gepositiveer kan word. Waardes as beginsels - wat nie per se geld nie - vorm die relatief konstante beginselraamwerke waaraan menslike normpositivering gebonde is en waarvan 'n appél uitgaan. Wanneer regsnorme byvoorbeeld in stryd met die appél wat van konstitutiewe regsbeginsels uitgaan, gepositiveer word, ontstaan non-reg. Indien dit wel in lyn met die appél van konstitutiewe regsbeginsels maar in stryd met die appél wat die regulatiewe regsbeginsels uitgaan, gepositiveer word, ontstaan onreg. Op die vraag of hierdie opvattings ook met geldigheid vrugbaar gemaak sou kon word op ander gebiede as die juridiese, en die vraag hoe beginsels geken en norme begrond kan word, sal by die bespreking van Habermas se opvattings ingegaan word.

## 4. NORME EN META-NORME/GRONDNORME/BEGINSELS IN DIE TEORIE VAN JüRGEN HABERMAS

'n Handelingsnorm is vir Habermas (1978, 1981a) 'n veralgemeende verwagting (ten opsigte van handelinge) wat aan elke lid van die groep vir wie sodanige norm geld die reg gee om van elkeen van die ander lede van 'n bepaalde situasie 'n bepaalde handeling of versuim/nalating te verwag. 'n Norm bestaan of geniet sosiale gelding wanneer dit deur die norm-adressate as geldig of geregverdig aanvaar word. Bestaande norme word deur algemene behorenseise of verordeninge daargestel wat vir die norm-adressate as geregverdig geld. Dat 'n norm ideaal gesproke geld, beteken vir Habermas dat dit die aanvaarding van almal wat daarby betrokke is, geniet omdat dit handelingsprobleme in hule gemeenskaplike belang reël. Andersyds beteken die feitelike bestaan van 'n norm vir hom dat die geldigheidsaanspraak waarmee dit optree deur die betrokke persone erken en aanvaar word sodat hierdie intersubjektiewe erkenning die sosiale gelding van die norm begrond. Sodanige geldigheidsaanspraak word egter nie met kulturele waardes in verband gebring nie, hoewel

waardes in aanmerking kom vir beliggaming in norme, aangesien hulle steeds in tipiese situasies ook deur andere gedeel moet kan word. Dit hoort vir Habermas tot die betekenis van kulturele waardes wat hulle die belange en behoeftes kan interpretreer wat die lede van 'n kultuur- en taalgemeenskap na gelang van omstandighede deel. In die lig van kulturele waardes kom die behoeftes en belange van 'n individu dus vir ander individue wat tot dieselfde kulturele tradisie hoort, aanneemlik voor. Duidelik geïnterpreteerde deur almal gedeelde behoeftes en belange word nogtans eers in legitieme handelingsmotiewe getransformeer deurdat die ooreenstemmende waardes by die regulering van bepaalde probleemsituasies vir 'n betrokke groep bindend word. Die lede van hierdie groep mag dan van mekaar verwag dat elkeen van hulle in ooreenstemmende situasies sy optrede sal oriënteer aan die in norme beliggaamde waardes wat vir alle betrokkenes bindend is. Norme beliggaam dus in hulle geldingsgebied waardes, en die aanspraak waarmee geldende norme optree, is dat daarin deur hierdie waardes geïnterpreteerde gemeenskaplike of algemeen-gedeelde belange tot uitdrukking kom.

Die verhoudinge wat tussen 'n sosiale akteur en die sosiale wêreld tot stand kom, kan na gelang van die aanpassingsrigting daarvan volgens Habermas objektief beoordeel word. In die een rigting is dit van belang om vas te stel of die motiewe en die handelinge van 'n sosiale akteur met bestaande norme ooreenstem of daarvan afwyk. In die ander rigting kan gevra word of die bestaande norme self waardes beliggaam wat ten aansien van 'n bepaalde probleemsituasie "verallgemeinerungsf&da.hige" belange van die betrokkenes tot uitdrukking bring en daarmee die aanvaarding en erkenning van die norm-adressate verdien. Enersyds word handelinge dus daarvolgens beoordeel of hulle met 'n bestaande normatiewe konteks ooreenstem of daarvan afwyk, dit wil sê of hulle met betrekking tot 'n as legitiem aanvaarde normatiewe konteks juis is al dan nie. Andersyds word norme daarvolgens beoordeel of hulle geregverdig kan word, dit wil sê of hulle verdien om as legitiem aanvaar te word.

Die medium waarin hipoteties getoets kan word of 'n handelingsnorm (of dit reeds feitelik aanvaar is of nie) onpartydig geregverdig kan word, is vir Habermas (1981a) die praktiese diskoers, naamlik die vorm van argumentasie waarin die aanspraak op normatiewe juistheid tot tema

gemaak word. Omdat handelingsnorme vir hulle geldigheidsgebied die aanspraak stel dat hulle 'n vir alle betrokkenes gemeenskaplike belang beliggaam, moet die geldigheidsaansprake van geldende norme in praktiese diskoerse die rasioneel gemotiveerde toestemming van al die betrokkenes kan vind. As tipe argumentasie kan ten opsigte van die diskoers drie aspekte onderskei word:

1. As **proses** beskou, gaan dit om 'n onwaarskynlike vorm van kommunikasie omdat dit by benadering voldoende aan ideale kommunikasievoorwaardes moet beantwoord. Die deelnemers aan die argumentasie moet van die (dikwels kontra-feitlike) veronderstelling uitgaan dat by benadering aan die voorwaardes van 'n ideale gespreksitausie voldoen is. Dit gaan vir Habermas hier om die algemene simmetrie-voorwaardes wat elke kompetente spreker - in soverre hy enigsins tot 'n argumentasie toetree - as voldoende verwerklik, moet veronderstel. Hiervolgens moet die deelnemers aan die argumentasie in die algemeen veronderstel dat die struktuur van hulle kommunikasie op basis van eienskappe wat suiwer formeel beskryf kan word elke vorm van dwang behalwe dié van die beste argument uitskakel, en daarmee ook alle motiewe behalwe die van die gemeenskaplike soeke na waarheid. Onder hierdie gesigpunt kan die argumentasie as 'n refleksief gerigte voortsetting van kommunikatiewe handelinge met ander middele begryp word.

2. Sodra die argumentasie as **prosedure** beskou word, gaan dit vir Habermas om 'n spesiale vorm van interaksie waarin die deelnemers 'n geldigheidsaanspraak wat problematies geword het, tot tema van hulle bespreking kan maak, en waarin hulle vry van die druk wat uit handelinge en ervaringe voortspruit met goeie gronde kan toets of die aanspraak wat verdedig word ten regte bestaan al dan nie.

3. Argumentasies is derdens daarop ingestel om geldige argumente (wat op grond van hulle intrinsieke eienskappe oortuig en op grond waarvan geldigheidsaansprake aanvaar of verwerp kan word) te produseer.

In ooreenstemming met elkeen van hierdie drie aspekte kom volgens Habermas telkens ander strukture na vore, naamlik die strukture van 'n

ideale (teen repressie en ongelykheid op 'n besondere manier geïmmuniseerde) gespreksituasie. Vervolgens word die strukture van 'n geritualiseerde mededinging om die beste argument en ten slotte die strukture, wat die opbou van individuele argumente en hulle onderlinge verhouding bepaal. Habermas tref dus 'n onderskeid tussen die toevallige institutionele vergestaltings van die argumentasie enersyds en die deur innerlike strukture bepaalde vorme van argumentasie andersyds.

Hierdie rasionele infrastruktuur van prosesse wat gerig is op die totstandkoming van wedersydse begrip ("Verständigung") moet volgens Habermas in 'n bepaalde sin as algemeen-geldig bewys word. Hy meen egter dat hiermee 'n enorme uitdaging gestel word aan iemand (soos hy) wat sonder metafisiese dekking in die rug opereer en ook nie meer glo aan die uitvoerbaarheid van 'n transendentaal-pragmatiese navorsingsprogram wat aanspraak maak op laaste fundamente ("Letzbegründungen"), nie. Habermas (1981c) sien in sy aanvaarding van 'n antifundamentalistiese kritiek op alle aprioriese en transendentalistiese aansprake geen belemmering vir pogings om rasionele rekonstruksies van veronderstelde fundamentele kompetensies op die proef te stel en dit indirek te toets deur dit as "input" in empiriese teorieë te gebruik nie.

Indien 'n mens nog enigsins 'n poging wil aanwend om die algemeen-geldigheid van die begrip kommunikatiewe rasionaliteit aan te toon sonder om na die waarborge wat die groot filosofiese tradisies bied, terug te gryp, is daar volgens Habermas (1981a) basiese drie weë wat gevolg kan word:

1. Met die formeel-pragmatiese uitbouing van die begrip kommunikatiewe handelinge bedoel hy die poging om 'n rasionele rekonstruksie te doen van die algemene reëls en noodsaaklike veronderstellings van taalhandelinge (wat op die totstandkoming van wedersydse begrip gerig is) in aansluiting by nuwere ontwikkelings op die gebied van die taalwetenskap. In soverre rasionele rekonstruksies in hul soektog na algemene geldigheidsvoorwaardes slaag, kan aldus Habermas (1981c) daarop aanspraak gemaak word dat universalia geïdentifiseer is. Hierdie rekonstruksies het volgens hom egter soos alle ander tipes kennis slegs 'n hipotetiese karakter.

2. 'n Poging kan aangewend word om die empiriese bruikbaarheid van hierdie rasionele rekonstruksies op drie navorsingsgebiede te bepaal:

   - die verklaring van patologiese kommunikasiepatrone;
   - die evolusie van die grondslae van sosiokulturele lewensvorme (dit wil sê die antropogenese of evolusie van die mensdom), en
   - die ontogenese (ontwikkeling van die individu).

3. Die gesprek met en vernuwing van sosiologiese teorieë tot 'n teorie van die rasionalisering van samelewings is volgens Habermas minder veeleisend aangesien hy by 'n reeds goed ontwikkelende tradisie in die samelewingsteorie kan aansluit. In die sosiale wetenskappe het die kompetisie tussen die paradigmas vir hom 'n ander betekenis as in die moderne fisika, aangesien die groot samelewingsteoretici paradigmas ingevoer het wat in 'n bepaalde sin vandag nog op gelyke voet met mekaar konkurreer.

Hoewel waardering uitgespreek kan word vir die interdissiplinêre wyse waarop Habermas sy teorie wil ontwikkel, ontstaan die vraag of hy ten aansien van die rasionele infrastruktuur van kommunikatiewe handelinge waarvan hy in 'n bepaalde sin die algemeen-geldigheid wil bewys daarin slaag om voor- of metateoretiese veronderstellings uit te skakel. Hierdie vraag is ten aansien van die begronding en regverdiging van norme van kardinale belang, aangesien hierdie rasionele infrastruktuur die raamwerke vorm waarbinne hierdie regverdiging plaasvind. Om hierdie vraag te beantwoord, word vervolgens gekyk na die standpunte wat Habermas sedert die begin van die sewentigerjare gehuldig het.

Habermas (1971b) onderskei tussen die norme waarvan die gelding opgehef kan word en die kwasitransendentale reëls wat menslike handelinge, aktiwiteite en diskussies moontlik maak. Aangesien die absolute regverdiging van handelingsnorme vir Habermas (1971a, 1973a) onmoontlik is, kan alle norme in die diskussie bevraagteken word behalwe die fundamentele norme of die grondnorme van die rede wat vir hom die beginsel van die regverdiging van handelingsnorme in 'n dwangvrye diskoers is. Habermas (1973b, 1973c, 1976) se onderskeiding tussen

norme en beginsels/meta-norme (waarvolgens 'n mense norme kan begrond) laat dit vraag ontstaan na die status van hierdie meta-norme. Die "decisionisme"-probleem wat met die vraag na die gelding van die meta-norme (wat geen argumentatiewe regverdiging benodig nie) na vore kom, word selfs deur Habermas (1973b, 1976) aan die orde gestel. Die erkenning en aanvaarding van hierdie beginsel het volgens Habermas (1976) nie soos Popper meen "a faith in reason" (1973:246) nodig nie, omdat die "Grundnormen der Rede ... faktisch immer schon gelten" (Habermas, 1973a:212 en 1973b:152). Aangesien die feitlike gelding van handelingsnorme op die diskursiewe begronding of aanvaarding daarvan berus, ontstaan die vraag na die grond vir die feitelike gelding van die grondnorme van die rede. Berus dit nie tot implisiet of eksplisiet soos Apel dit stel op 'n "wackeren Glaubensentschluss" (1973:421) nie? Habermas, wat hierdie moontlikheid afwys, gee in sy inougurele rede(1968) 'n antwoord wat dui op die belangrike plek van die taal in sy opvattings, naamlik dat met die struktuur van taal mondigheid/redelikheid vir ons daargestel is: met die eerste sin is die intensie van 'n algemene en dwangvrye konsensus baie duidelik uitgespreek. Habermas (1971c) herbevestig hierdie beskouing 'n paar jaar later en in sy **magnum opus** herhaal hy die formulering van 1971 byna woordeliks: "Verstεda.ndigung wohnt als Telos der menschlichen Sprache inne" (1981a:387).

Ten spyte van hierdie kontinuïteit in sy denke het daar tog by Habermas 'n verskuiwing plaasgevind. Aanvanklik het hy sonder skroom die universele, feitlike gelding van die grondnorme van die rede in verband gebring met die tradisie van die Duitse Idealisme vir wie "Vernunft ... zugleich den Willen zur Vernunft" (1965:164) beteken het. Die interesse in mondigheid wat in die taal geleë is, kan volgens Habermas (1968) **a priori** begryp word en daarom wil hy die kantiaanse leer van die "Faktum der Vernunft" (1973b:165)" vernuwe: "Weil die empirische Rede allein durch die Grundnormen vernünftiger Rede möglich ist, ist die Diskrepanz zwischen einer realen und einer unvermeidlich idealisierten (wenn auch als ideal nur unterstellten) Kommunikationsgemeinschaft nicht nur im Argumentation, sondern bereits in die Lebenspraxis gesellschaftlicher Systeme eingebaut - vielleicht lεda.sst sich in dieser Form die Kantische Lehre vom Faktum der Vernunft erneuern" (1973d:417). Habermas (1982) wys later die moontlikheid van 'n aprioriese begrip van die rasionale

infrastruktuur van die taal ten sterkste af en lê klem op die hipotetiese rasionele rekonstruksies waarop die verlangde algemeen-geldigheid daarvan moet berus.

Dat daar by hom nogtans sprake is van voorteoretiese aannames en veronderstellings ten aansien van die rasionele infrastruktuur van die taal, blyk uit die belangrike onderskeid wat hy tref tussen kommunikatiewe en strategiese handelinge. In die universele geldigheidsaansprake wat die agtergrondskonsensus (wat die gemeenskaplike kommunikatiewe handeling dra en by strategiese handelinge afwesig is) moontlik maak, kan die "Kommunikationstheorie" volgens Habermas "einen hartnäckigen, einen nie verstummenden, obgleich selten eingelösten Vernunftanspruch aufsuchen, der freilich de facto anerkannt werden muss, wo immer und wann immer konsensensuell gehandelt worden soll. Wenn das Idealismus ist dann gehört dieser eben auf höchst naturalistische Weise zu den Reproduktionsbedingungen einer Gattung, die ihr leben durch Arbeit und Interaktion ... erhalten muss" (1976:11). Wanneer die de facto-erkenning en -aanvaarding van hierdie "Vernunftanspruch" noukeurig bekyk word, blyk dit dat dit op 'n circulus vitiosus berus, aangesien dit erken moet word waar altyd konsensueel gehandel behoort te word en konsensueel gehandel behoort te word waar en wanneer dit altyd erken moet word - dit wil sê waar die voorwaardes vir konsensuele handelinge nie opgeskort is nie. Ook die empiriese (praktiese) diskoers wat bepaal waar en wanneer die "Vernunftanspruch" de facto erken moet word, lewer geen oplossing vir die probleem nie, omdat gepostuleer moet word dat daarin die "Vernunftanspruch" reeds de facto erken word. 'n Verdere ondersoek na die redes waarom die de facto in die diskoers en nie in strategiese handelinge nie erken behoort te word, bring ons weer eens by die sirkelredenasie, naamlik dat strategiese handelinge juis daardeur gekenmerk word dat dit nie daarin de facto erken word nie, terwyl dit wel die geval in praktiese diskoerse is. Dat hierdie sirkelredenasie een van die fasades is waaragter die voorteoretiese aannames van Habermas skuil, is elders (Van Niekerk, 1982, 1984) uitvoerig aangetoon. Hier kan volstaan word deur te vra na die gronde vir Habermas se siening waarvolgens hy dit as legitiem aanvaar dat die mark 'n "normfreie Regelung van Kooperationszusammenhängen" (1982b:226) is. Waarom word hier nie "kontrafaktisch" teen die feite in veronderstel dat

konsensuele kommunikatiewe handelinge in een of ander vorm in die marksituasie moontlik is nie? Kan Habermas hom hieroor net op rasionele rekonstruksies in hulle empiriese toetsinge beroep of berus dit ook op voorteoretiese aanames insake dié lewensvorme waar die rasionele infrastruktuur van die taal wel en dié waar dit nie ten volle algemeen-geldigheid het nie - met ander woorde, gaan dit om 'n "Entscheidung für ein schon Entschiedenes, nämlich für die Vernunft" (Marquard, 1978:193)?

Omdat Habermas vroeër van die feitelike en universele gelding van die fundamentele of grondnorme van die rede uitgegaan het, is die kritiek wat in die vorige afdeling op die natuurreg uitgeoefen is daarop van toepassing, naamlik dat dit onsinnig is om te sê dat 'n norm geld wanneer dit nie deur 'n bevoegde normoutoriteit gepositiveer is nie. Dat hy later wil aantoon dat die rasionele infrastruktuur van die taal in 'n bepaalse sin algemeen-geldig is, laat die vraag ontstaan wat hiermee bedoel word. Dat die aanvaarding van 'n antifundamentalistiese kritiek op alle aprioriese en transendentalistiese aansprake vir hom geen belemmering inhou in sy poging om hipoteties rasionele rekonstruksies te doen en hul empiriese toetsing uit te voer nie, beteken egter nie dat hy die problematiek rakende die bestaan al dan nie van relatief-konstante beginselraamwerke (wat hoewel dit nie per se geld of apriories redelik kenbaar is nie, tog nie strukture wat Habermas in sy rekonstruksies ondersoek moontlik maak) opgelos het nie. Die onderskeiding tussen strukture vir en die strukture van (menslike handelinge en samelewingsvorme) wat korreleer met die onderskeiding tussen beginsels en norme soos dit in die tweede afdeling gebruik is, kan hier van hulp wees.

Die strukture wat Habermas in sy rasionele rekonstruksies ondersoek, is tog die strukture van die taal waaraan mense binne 'n bepaalde kultuurhistoriese konteks gestalte gegee het. Indien ontken word dat daar relatief-konstante strukture vir die taal bestaan, word dit uiters moeilik om te verklaar hoe dit moontlik is dat elke taal ongeag sy stand van ontwikkeling of kulturele konteks in beginsel in enige ander taal vertaalbaar is. Dit sal ook uiters moeilik wees om te verduidelik waarom elke taal om as taal - en nie as gebrabbel beskou te kan word nie - 'n aantal konstitutiewe momente moet vertoon.

Die bydrae van Habermas se siening is juis geleë in die klem wat hy lê op rekonstruksie, aangesien 'n ondersoek na die strukture van die taal 'n belangrike weg is om kennis van die strukture vir die taal te verkry. Dat hierdie rekonstruktiewe kennis voorts in wisselwerking met ander dissiplines asook op basis van "empiriese" navorsing tot stand moet kom, is 'n ander belangrike faset wat hy beklemtoon. Teoretiese kennis van beginsels en strukture vir menslike handelinge en lewensvorme berus egter nie net op hierdie rekonstruksies nie, aangesien voorteoretiese en teoretiese "paradigmas" 'n eiesoortige bydrae lewer tot die teoreties rekonstruktiewe kennis. 'n Treffende voorbeeld hiervan is Habermas se oortuiging: "Verstεda.ndigung wohnt als Telos der menschlichen Sprache inne" asook sy siening dat die rede-appél die "Vernunftanspruch", wat hiervan uitgaan, net erken moet word wanneer konsensueel gehandel behoort te word. Hiermee word ook duidelik dat Habermas in vergelyking met sy vroeëre standpunt (dat die meta-norme van die rede feitlik en universeel geld) tot 'n meer aanvaarbare siening gekom het, naamlik dat van hierdie meta-norme slegs 'n appél uitgaan wat erken behoort te word. Habermas se siening dat die rekonstruktiewe kennis soos alle ander kennis 'n hipotetiese karakter het, is dan ook op die teoretiese kennis van hierdie beginselappél van toepassing.

Ten slotte 'n paar opmerkings oor sy normbegrip: Hoewel Habermas insien dat daar sonder norm-adressate nie van die gelding van 'n norm sprake kan wees nie, kan tereg bevraagteken word of die gelding van 'n norm afhanklik is daarvan dat die norm-adressate dit as geldig of geregverdig aanvaar. In die vorige afdeling is daarop gewys dat wanneer byvoorbeeld aan die konstitutiewe regsbeginsels in 'n norm gestalte gegee is, dit wel geld maar in stryd kan wees met die regulatiewe regsbeginsels. In so 'n geval is nie van non-reg sprake nie maar van onreg. Dat die norm-adressate die geregtigheid en regverdigheid van hierdie norm kan betwyfel, beteken egter nie dat dit nie meer geld nie. Hierdie norm sal bly geld totdat dit deur die bevoegde normoutoriteit in lyn met die regulatiewe regsbeginsels verander is.

Die antwoord op die vraag of die onderskeiding tussen norm en beginsel asook tussen struktuur van van struktuur vir ook in ander vakgebiede "vrugbaar gemaak" sal kan word, sal enersyds van die hipoteties rekonstruktiewe pogings en andersyds van die paradigmatiese raamwerke

van vakwetenskaplikes op die terrein van die normatiewe wetenskappe afhang.

## 5. SLOTOPMERKING

In hierdie artikel is die vrugbaarheid en die noodsaaklikheid van die onderskeiding tussen waardes as norme en as beginsels ondersoek. Dit is gedoen aan die hand van die politieke ontwikkelingsteorie, die regsfilosofiese problematiek rakende natuurreg en positivisme en die beskouings van Habermas. In die politieke ontwikkelingsteorie het waardevrae onder invloed van die post-behavioralistiese benadering 'n legitieme relevansie verkry. Die soeke na kulturele universalia of waardes as beginsels het op hierdie terrein belangrik geword omdat dit die enigste manier skyn te wees om aan die moderniteitsindroom te ontsnap. Deur die afwysing van die teensprake en eensydighede van regspositivisme en natuurreg en aan die hand van die onderskeiding tussen waardes as norme en as beginsels is die produktiewe bydrae van hierdie valse dilemma uitgelig. Met behulp hiervan is 'n duideliker omlyning van die begrippe regsontwikkeling en strukturele geweld gegee. Ten slotte is Habermas se onderskeiding tussen norme en meta-norme krities ondersoek en op immanente teenstrydighede in sy beskouings gewys. Die sentrale plek wat hierdie problematiek in sy denke beklee, kan as 'n bevestiging gesien word van die belangrikheid van hierdie onderskeiding. Dit is relevant vir al die normatiewe wetenskappe wat - anders as die natuurwetenskappe - fokus op byvoorbeeld die taal-, sosiale-, etiese-, regs- en kunsnorme wat in menslike samelewings geld.

BIBLIOGRAFIE


ALMOND,G.A. en POWELL,G.B. 1978. **Comparative Politics.** Boston, Toronto : Little, Brown.

APEL,K.O. 1973. **Transformation der Philosophie.** Band 2. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

BEHRMANN,G.C. 1975. **Soziales System und Politische Sozialisation.** Stuttgart : Kohlhammer.

BRAIBANTI,R. 1976. Context, Cause and Change. In Hallowell,J.H. **Prospects for Constitutional Democracy : Essays in Honor of R. Taylor Cole,** Durham,N.C. : Duke University Press.

DUGARD,J. 1971. The judicial process, positivism and civil liberty. **The South African Law Journal.** 88.

EDER,K. 1976. **Die Enstehung staatlich organisierter Gesellschaften. Ein Beitrag zu einer Theorie sozialer Evolution.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

FICK,J.C. 1979. Comtemporary Trends and Issues in the Theory of Development. **Politikon.** 6(2).

GLASTRA VAN LOON,J.F. 1959. **Recht en menselijke natuur.** Haarlem: De Erven F. Bohn.

GOULET,D. 1977. **The cruel choice : a new concept in the theory of development.** New York : Atheneum.

HABERMAS,J. 1968. **Technik und Wissenschaft als Ideologie.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1971a. Vorbereitende Bemerkungen zu einer Theorie der kommunikativen Kompetenz. In Habermas,J. und Luhmann,N. **Theorie der Gesellschaft oder Sozialtechnologie. Was leistet die Systemforscbung?.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1971b. Theorie der Gesellschaft oder Sozialtechnologie? Eine Auseinandersetzung mit Niklas Luhmann. In Habermas,J. und Luhmann,N. **Theorie der Gesellschaft oder Sozialtechnologie. Was leistet die Systemforschung?** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1971c. **Theorie und Praxis.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1973a. **Philosophisch - politische Profile.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1973b. **Legitimationsprobleme im Sp&da.tkapitalismus.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1973c. **Kultur und Kritik. Verstreute Aufs&da.tze.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1973d. **Erkenntnis und Interesse.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1976. **Zur Rekonstruktion des Historischen Materalismus.** Frankfurt am Main : Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1978. Der Ansatz van Habermas. In Oelmüller,W. (Hrsg.) **Transzendentalphilosophische Normenbegründungen.** Mit Beitr&da.gen von K.O. Apel u.a. Paderborn : Ferdinand Schöningh.

HABERMAS,J. 1981a. **Theorie des kommunikativen Handelns.** Band I. Frankfurt am Main. Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1981b. **Theorie des kommunikativen Handelns.** Band II. Frankfurt am Main. Suhrkamp.

HABERMAS,J. 1981c. Interpretatieve sociale wetenschap versus radicale hermeneutiek. **Kennis en Methode.** 5(1).

HABERMAS,J. 1982. A reply to my critics. In Held,D. en Thompson,J.B. (Eds). **Habermas Critical Debates.** London. Macmillan.

HIGGOTT,R.A. 1983. **Political Development Theory. The Contemporary Debate.** London and Canberra : Croom Helm.

HOLZER,H. 1979. **Evolution oder Geschichte? Einführung in Theorien gesellschafflicher Entwicklung.** Köln : Pahl - Rugenstein Verlag.

HOMMES,H.J. 1961. **Een nieuwe herleving van het natuurrecht.** Zwolle : W.E.J. Tjeenk Willink.

HOMMES,H.J. 1968. Iets over natuurrecht. **Philosophia Reformata.** 33(3 en 4).

HOMMES,H.J. 1969. Iets over Rechtsbeginselen. **TCW** 5(4).

HOMMES,H.J. 1972. **De elementaire grondbegrippen der rechtswetenschap.** Deventer : Kluwer.

HOMMES,H.J. 1972b. **Hoofdlijnen van de geschiedenis der rechtsfilosofie.** Deventer : Kluwer.

HOMMES,H.J. 1975a. **Methode der encyclopedie en Hooflijnen van de geschiedenis der rechts- en staatsfilosofie.** Zwolle : W.E.J. Tjeenk Willink.

HOMMES,H.J. 1975b **Hooflijnen der rechtssociologie en de materiële indelingen van publiek- en privaatrecht.** Zwolle : W.E.J. Tjeenk Willink.

HOMMES,H.J. 1976. **De samengestelde grondbegrippen der rechtswetenschap.** Zwolle : W.E.J. Tjeenk Willink.

KOTZE,D.A. 1978. Development and Structural Violence. **Politikon.** 5(1).

KOTZE,D.A. 1982. Politieke ontwikkeling in die Afrikakonteks. In Van der Wateren,H. Potgieter,F.J. Kotzé,D.A. en VAN WYK,L.A. **Ontwikkeling in Afrika.** Potchefstroom : PU vir CHO.

LASSWELL,H.D. 1948. **Power and Personality.** New York : W.W. Norton.

LASSWELL,H.D. 1960. **Psychopathology and Politics.** New York : Viking Press.

LUIJPEN,W. 1973. **Phεda.nomenologie des Naturrechts.** Den Haag : Martinus Nijhoff.

MARQUARD,O. 1978. Diskussionsbeitrag. In Oelmüller,W. (Hrsg). **Transzendentalphilosophische Normenbegründungen.** Mit Beitrεda.gen von K.O. Apel u.a. Paderborn : Ferdinand Schöningh.

MASLOW,A.H. 1938. **Motivation and Personality.** Oxford : Oxford University Press.

MIGDAL,J.S. 1983. Studying the Politics of Development and Change : The State of the Art. In Finifter,A.W. **Political Science : The State of the Discipline.** Washington : The American Political Science Association.

OLIVIER,N.J.J. 1981. Die Konsep Ontwikkeling : Opvattings en Teorieë. Koers 46(2).

PENNOCK,J.R. 1966. Political Development, Political Systems and Political Goods. World Politics 18 (April).

POPPER,K.R. 1973. The open society and its enemies. Volume 2. London : Routledge and Kegan Paul.

PYE,L.W. 1979. Political Modernization : Gaps Between Theory and Reality : **The Annals of the American Academy of Political and Social Science.** 442 (March).

PYE,L.W. 1965a. The Concept of Political Development. **The Annals of the American Academy of Political and Social Science.** 358 (March).

RAZ,J. 1979. The Authority of Law. Oxford : Clarendon Press.

SIGMUND,P.E. 1971. **Natural Law in Political Thought.** Cambridge : Winthrop Publishers.

STRAUSS,D.F.M. 1978. **Inleiding tot die Kosmologie.** Bloemfontein : Sacum.

VAN DER VYVER,J.D. 1975. **Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika.** Kaapstad : Juta.

VAN DER WESTHUIZEN,J.V. 1981. **Die betekenis van die regsfilosofie vir regsnavorsing en regspleging.** Pretoria : Universiteit van Pretoria.

VAN NIEKERK,P.J. 1982. **Demokratie und Mündigkeit - Eine kritische Auseinandersetzung mit der politischen Philosophie von Jürgen Habermas.** Dissertation. Universität Frankfurt.

VAN NIEKERK,P.J. 1984. Kapitalisme en demokrasie in die kritiese samelewingsteorie van Jürgen Habermas. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie.** 15(1).

VAN ZIJL,F.J. en VAN DER VYVER,J.D. 1982. **Inleiding tot die regswetenskap.** Durban : Butterworth.

VARMA,B.N. 1980. **The sociology and politics of development.** London : Routledge and Kegan Paul.